MUNISIPALITEIT DAWID KRUIPER MUNICIPALITY

POLICY 04/2019 RAADSBELEID

SUBJECT/ONDERWERP: **VERVOERSKEMA VIR ESSENSIËLE GEBRUIKERS**

REFERENCE/VERWYSING: **4.2.1.B**

RESOLUTION NR/BESLUIT NO: **22/09/2019 (SCM)** DATE/DATUM: **25 September 2019**

1. DOEL VAN SKEMA:

1.1 Die implementering en oogmerk van die skema is om Verkeersbeamptes wat deurlopend op ‘n daaglikse basis gebruik maak van Raadsvoertuie in die uitvoering van hulle pligte, te subsidieër sodat hulle privaatvoertuie kan aankoop wat ook gebruik word om hul werk te doen.

1.2 Die subsidie moet gesien word as ‘n operasionele toelaag en nie as ‘n diensvoorwaarde nie.

1.3 Die subsidie is uitsluitlik ‘n finansiele bydrae en bedoel nie om ‘n ekstra inkomste of ‘n diensvoordeel te wees nie.

2. **VEREISTES VAN KWALIFISERENDE AMPTENARE:**

2.1 Slegs amptenare soos volg kwalifiseer vir die motortoelaag weens operasionele vereistes:

2.1.1 Senior Verkeersbeamptes Wetstoepassing
2.1.2 Verkeersbeamptes Graad I – III Wetstoepassing
2.1.3 Indien poste wat geadverteer word ‘n motortoelaag vereis sal dit onderhewig wees aan goedkeuring deur die Raad. Dit sal alleenlik in die advertensie aangebring word indien die Raad goedkeuring verleen.
2.1.4 Teen einde dienslewering te bevorder, behou die Hoofverkeersdienste die reg voor om ‘n skriftelike aanbeveling na die Dawid Kruiper Munisipale Bestuurder te rig om ‘n amptenaar wat nie deel vorm van die kwalifiserende amptenare nie, soos gelys in arikels 2.1.1 tot 2.1.6, deelnemers tot die skema te maak.

2.2 Om te kan kwalifiseer, moet die werknemer bewys indien dat die voertuig in die naam van die werknemer geregistreer is.

2.3 Elke deelnemer moet sy/haar voertuigregistrasie nommer asook bewys van Bestuurderslisensie indien by Menslike Hulpbronne Afdeling ten tye van ondertekening van die Ooreenkoms op Essensiële Motorvoertuig Skema vir Verkeersbeamptes.

2.4 Indien enige of almal van genoemde amptenare met vooraf kennisgewing verskuif word na ander poste weens operasionele redes en sodanige ander poste nie die vorige bepaling/voorwaarde vereis nie, sal die betrokke amptenaar/are nie verder kwalifiseer vir toelae nie.

3. **KRITERIA VIR DEELNAME:**

3.1 Die pos moet die daaglikse gebruik van 'n voertuig vereis ten einde hoë standard dienslewering te verseker. 'n Doelmatige voertuig moet deur die verbruiker aangekoop word ten einde dienslewering te bevorder.

3.2 Die Hoof van Verkeersdienste moet die begroting vir hierdie Vervoerskema doeltreffend bestuur.

3.3 Die ooreenkoms moet deur beide partye onderteken word en deel vorm van die beleid.

3.4 Die vervoerreëlings en vervoerbehoeftes van die Dawid Kruiper Munisipaliteit moet in ag geneem word aan die hand van die volgende:

3.4.1 Hoe word daar huidiglik omgegaan met die vervoerbehoeftes binne die Verkeersafdeling?
3.4.2 In watter toestand is die bestaande Raads voertuie in die Verkeersafdeling?
3.4.3 Het daar vervangings plaasgevind of is daar addisionele voertuie?
3.4.4 Is deelname aan die motortoelaag nie dalk die mees ekonomiese opsie, vir die Raad?

4. **VOERTUIGLENING**

Geen amptenaar wat 'n deelnemer is van die skema sal geregtig wees op, of aanspraak kan maak op enige interne lening by die Raad nie.

5. **BEREKENING VAN DIE TOELAAG:**

5.1 A) Vaste koste : 'n Vaste subsidie van R5,000 per maand sal betaal word

5.2 B) Lopende kostes: Sal betaal word vir brandstof en onderhoudskoste volgens Departement van Vervoer se tariewe vir gebruik van gesubsidieerde voertuie en toegepas word vir 3 maande bereken op die tariewe van die eerste van die die 3 maande. Die tarief vir Katagorie A petrol motors met 'n enjine kapasiteit tussen 1551 en 1750 sal bereken word deur die Sub Skema A en Sub Skema C bymekaar te tel.

5.3 Hierdie subsidie is onderhewig aan belasting verhaling deur SARS.

5.4 Die vaste koste is onderhewig aan verhoging gelykstaande aan die CPIX soos jaarliks bepaal deur Nasionale Tesourie. Verhoogde vaste koste sal slegs van toespassing wees op voertuie wat vervang word of of nuut ingebring word.

6. **BESKIKBAARHEID VAN VOERTUIG:**

6.1 Die deelnemer erken en verstaan dat geen Munisipale voertuig aan hom/haar beskikbaar gestel gaan word nie, behalwe indien hy/sy 'n vragmotor of diensvoertuig moet bestuur by die afwesigheid van 'n drywer, en om die werk te laat voortgaan.

6.2 Die beskikbaarstelling van ‘n alternatiewe voertuig sal vir die rekening van die deelnemer wees.

6.3 ‘n Verkeersbeampte wat nie oor sy eie privaat voertuig beskik nie, en nie in staat is om ‘n voertuig uit eie of geleende fondse aan te koop nie, kan nie gebruik maak van hierdie motorskema nie.

6.4 Indien ‘n Verkeersbeampte nie ‘n voertuig kan koop nie mag die Raad ‘n voertuig verskaf deur dit te lease of te koop.

7. **SPESIALE VOORWAARDES:**

7.1 ‘n Deelnemer aan die skema is daartoe verbind om sy eie voertuig met ‘n aankoopwaarde van nie minder as R170 000 beskikbaar te stel vir dienslewering aan Dawid Kruiper Munisipaliteit volgens die vereistes van die pos. Die minimum waarde van R170 000 sal jaarliks verhoog met CPIX soos jaarliks bepaal deur Nasionale Tesourie.

7.2 Geen voertuig met ‘n kilometer-lesing van meer as 20,000km mag in die skema ingebring word nie.

7.3 Slegs witkleurige voertuie met enjin kapasiteit nie laer as 1400 is aanvaarbaar vir subsidieëring.

7.4 Elke voertuig van Verkeersbeamptes wat tot hierdie skema toegalaat word moet toegerus wees met ‘n Satelietopspoorstelsel (“Tracker”) waarvandaan verslae van ritte uitgeruk kan word. Rit-verslae moet maandeliks voltooi word en deur die betrokke Departementshoof/Direkteur nagesien word vir die korrektheid daarvan. Verslae moet teen die 7de van elke maand ingedien word by Menslike Hulpbronne ten einde te verseker dat die toelaag korrek bereken word.

7.5 ‘n Gesubsideerde voertuig moet minstens 300km en hoogstens 1500km per maand amptelik reis. **Ritte na en van die woonplek word nie as amptelike ritte beskou.**

7.6 ‘n Gesubsideerde voertuig mag nie meer as ‘n gemiddelde van 15 000 km per jaar privaat gebruik word nie, oorskryding daarvan mag tot diskwalifisering en/of dissiplinêre stappe lei.

7.7 Menslike Hulpbronne afdeling sal ‘n register byhou van alle voertuie binne die skema, datum van aankoop, besonderhede van voertuig, versekering ens.

7.8 Die deelnemer sal sorg dra dat sy/haar huurkooppaaiemente, indien enige, stiptelik betaal word en dat die voertuig in stand gehou word.

7.9 Die deelnemer sal sorg dra dat die voertuig behoorlik in stand gehou word en toepaslik verseker is vir amptelike gebruik.

7.10 Geen privaat voertuie van deelnemende amptenare sal in Dawid Kruiper Munisipale werkswinkel toegelaat word, en werknemers van die Dawid Kruiper Munisipaliteit sal nie aan sodanige voertuie enige werk verrig nie.

7.11 Amptenaar gee toestemming dat tweerigting radio’s of enige noodbeheer toerusting aan die voertuig aangebring kan word. Dit sal op koste van die Dawid Kruiper Munisipaliteit wees en die eiendom van die Dawid Kruiper Munisipaliteit bly. Indien amptenaar

7.12 Indien ‘n amptenaar ‘n nuwe voertuig in die skema bring, mag toerusting uit die vorige voertuig of enige ander voertuig oorgebou word, indien dit ekonomies geregverdig is vir die munisipaliteit.

7.13 Alle voertuie moet toegerus wees met twee magnetise verkeers ken-tekens van die Dawid Kruiper Munisipaliteit, teen die voor deure. Hierdie kentekens moet altyd aan die voertuig wees indien die amptenaar aandiens is.

7.14 Die deelnemer sal nie kan aanspraak maak op amptelike parkeerruimte op grond van sy deelname nie.

7.15 Bestuur moet kwaartaaliks verslag doen aan die Raad oor die verbruikers van die skema.

7.16 Indien enige van die bogenoemde voorwaardes nie aan voldoen word nie, mag die amptenaar gediskwalifiseer word om aan die skema deel te neem.

8. **TOEPASSINGSBESTEK**

Die beleid gaan slegs van toepassing wees op Verkeersbeamptes van die Dawid Kruiper Munisipaliteit.

9. **ALGEMEEN:**

9.1 Die beleid en ooreenkoms vestig ‘n verbintenis tussen die partye en ontbinding daarvan is onderhewig aan drie maande wedersydse kennisgewing.

In die geval van bedanking, of enige ander vorm van diensbeëindiging van die Raad, sal die ooreenkoms onmiddelik ten einde loop.”

9.2 Dat die voertuie vir doelmatig verseker moet word en die bewys daarvan moet jaarliks aan die Raad voorsien word.

9.3 Dat ‘n verslag rakende die vervoerreëlings van die Verkeersopsigters gedurende werksure vanaf die Verkeerskantore na die dorp en weer terug, aan die volgende Gemeenskapsdienstekomitee voorgelê moet word.